GEMEENTENUUS

NG KERK KLEINMOND

Februarie 2020

Die tent van ontmoeting.

'n Christen – en ook ons as Christene saam, die gemeente – kom gereeld op stadiums waar ons net 'n slag voorraad opneem. Gelukkig het ons die vermoë om as't ware van 'n afstand na onsself te kyk en te evalueer. Die begin van 'n jaar bied so 'n kans.

Ons as kerkraad het by die verskillende werksaamhede (kommissies en bedieninge) die jaar binne gegaan met Eks.33:7-17. Ons wou ook, soos die ou volk Israel, kyk hoe ons deur 2020 wil trek. Wat moet ons beplan en wat moet ons vir dit wat ons beplan begroot? En onder dit alles: Wat is die basis waarop ons beplan en die planne wil uitvoer?

Ons wil ook soos Israel onder leiding van Moses bely, dat ons nié deur die jaar wil beweeg sonder dat ons bewus is van die Here se teenwoordigheid nie. Vir ons wat ná Christus lewe, is dit nóg makliker. Ons het immers die versekerde beskikbaarheid van God as Heilige Gees by ons.

Ons gaan die jaar biddend binne. Dit beteken nie dat ons toe-oë heeltyd loop en bid nie! Dit beteken wel dat ons 'n gesindheid, 'n benadering, 'n luister-en-antwoord tipe omgang met Jesus, die Hoof van die kerk wil inneem.

Jy moet ook 'n slag, ten minste net vir jouself, formuleer wat jou ingesteldheid ten opsigte van 2020 is. Sê dit in woorde. Ons wat die gemeente met organisatoriese leiding én geestelike leiding wil dien, hoop dat jy hierdie jaar ons gemeente se bediening ook as 'n "tent van ontmoeting" sal ervaar. Praat gerus met ons daaroor. Praat veral met die Here self daaroor!

Groete uit die kerkraad,
Jannie Hougaard, voorsitter.

Uitnodiging van ons dominees

Leraars ervaar dikwels dat lidmate net by hulle kom met 'n probleem. Gaan drink 'n slag by ons dominees koffie net om te kuier. Maak 'n afspraak net om lekker te gesels. (In beide pastorieë kry 'n mens heerlike koffie!

SEESTREEK-NUUS einde Januarie 2020

Streekdienswerkers is reeds gemotiveerd vir 2020 en het versoek dat 'n vroeë byeenkoms van blokleiers, hulpblokleiers en belangstellende dienswerkers gehou moet word om die jaar se beplanning te bespreek. Dit het plaasgevind op 16 Januarie 2020, met verteenwoordigers uit elke blok.

Die blokleiers is verlede jaar uitgebrei om 'n hulp-blokleier vir elke blok in te sluit. Vir die Sa-wyke is Dudley Barry Pierre le Roux se hulp, vir die Sb-wyke is Etta Eksteen die vise-blokleier en hulp vir Ninnie Du Toit, en by die Sc-Streek is Judith Laubscher die vise-blokleier en hulp vir Comine Conradie. By die groter Palmietarea is daar twee hulpblokleiers vir Pieter en Ethel van Rensburg - Daphne Loots en Laura Blom.

Die nuutste toevoeging is Naomi van Coller, in die plek van Wollie en Mari Wolmarans, wat na baie jare van diens, vanaf die einde van 2019 'n welverdiende ruskans geniet. Naomi is nou deel van die ervare en deeglike span wyksleiers in die Palmietstreek, soos Daphne Loots, Laura Blom en Hetta Strauss. Ongelukkig moet die Seestreek nou afskeid neem van Thys en Laura Blom wat binnekort na Mosselbaai verhuis – 'n gedugte span om te vervang!

Verder is ons verheug om te verneem dat Johan en Renske Jacobs besluit het om hul huis uit die mark te onttrek en liewer in Kleinmond aan te bly!

Die Blokke is besig met fondsinsamelingsprojekte, soos Pierre le Roux en sy Sa-wyke wat weer ’n potjiekosaand op 6 Maart wil aanbied. Verder het Ninnie du Toit belowe daar wag groot verrassings tydens die 50-jaar se vierings in hierdie Jubeljaar – vir die hele gemeente!

Wat hou die kwartaal in?

Gerat vir Sy koninkryk

Tema 1 word op 5 Februarie en 11 Maart aangebied. Doen moeite om daar te wees

Wyksbyeenkomste

Die eerste wyksbyeenkomste van die jaar is in Februarie. Skakel in.

Sa se Potjiekos-aand

Die jaarlikse potjiekos-aand is vanjaar op 6 Maart. Dis ’n gastronomiese hoogtepunt van die jaar!

Basaar in Kleinmond

Kleinmond se basaar is op 28 Maart. Teken aan en nooi vriende en familie om daardie naweek te kom kuier.

HANGKLIPSTREEK-NUUS

Waar’s die koekies?

Redelik gou ná die kuiersaal van Hangklipsentrum in 2019 klaar gebou is, het dit ‘n plek vir saamkuier, saampraat en saam bid geword.

Amper weggesteek tussen die groter bedrywighede is Maandae se speletjies-geleentheid. ‘n Groepie Hangklippers sit vir sowat 2 uur om tafels en speel kaart- en bordspeletjies, stry en skerts. Dit gaan oor deel met mekaar. Een ding wat **nie so bedoel is nie, is wanneer daar teen koffietyd ontdek word die koekies is (onverklaarbaar!) tuis vergeet ...**

Hemelse plan

15 Desember 2019. Van die verhoog af het die verhaal gevloei. Sang en voorlesings het in ‘n voëlvlug die kollig geflits op hoogtepunte uit die eeue: Op ‘n woeste, leë aarde het God geskep, orde gebring. Maar die mens het hom vasgeloop deur sy soeke na eie mag.

Weer het God ingetree.

Ook die gemeente het deur sang vertel dat God se Seun as mens in Bethlehem gebore is, vir die mense kom wys het hoe God is. En vir ons sonde gesterf het. Ná die kruis en leë graf kan ons, verloste mense, voluit en enduit leef.